

**MUSGRAVE**

VERVAARDIGERS EN  
VERSPREIDERS (EDMS) BPK  
VUURWAPENS EN AMMUNISIE  
Posbus 183  
Bloemfontein 9300  
Rep. S. Afrika  
Tel. (051) 212921/8  
Fax 212903  
Mpy. Reg. Nr. 70/35555/07

U Verwysing:

Ons Verwysing:

23 Oktober 1989

Mnr. W.A. Lombaard  
Wattellaan 80  
Golfpark  
MEYERTON  
1960

Geagte Mnr. Lombaard

Baie dankie vir u skrywe en belangstelling in Musgrave.

Ons antwoord graag soos volg op u vrae nl.:

1. Die geweer is inderdaad 'n Musgrave Model Afrika.
2. Die Afrika reeks is in drie modelle beskikbaar nl. die Standaard (Std), De Luxe en Supreme.
3. Die nommer op u geweer is nogal besonders en staan vir Experimental Model Africa en die 003 beteken die derde Std. model in die reeks. (XMA 003)

Hierdie gewere is met die hand gebou om die lewensvatbaarheid te toets voordat daar na serie produksie oorgeskakel word. Die Afrika Std. gewere word dus nie meer met die hand vervaardig nie, maar wel met 'n masjien. Die inlaat werk, ruitwerk en algehele estetiese voorkoms van u geweer is beslis van 'n hoër gehalte as die huidige produksie reeks. Sover my kennis strek is daar slegs vier van die modelle met die hand gemaak.

4. Die Afrikareeks het beslis versamelaarswaarde as ons na die klein hoeveelhede kyk wat verkoop is.
5. Die geweer is in 1983/84 vervaardig en het eers 'n draai in Amerika gemaak voordat dit aan die publiek aangebied is omdat die wapen verbod strenger begin word het en ons dus nie kon uitvoer nie.
6. Die hout is uitsoek Franse-okkerneut. Dit is natuurlik vandag nie meer moontlik om Franse-okkerneut te bekom nie.
7. Die visiere op die geweer is slegs kosmeties van aard alhoewel die agterste vaste visier ingestel moet wees vir 75 - 100meter

Ons vertrou dat bogenoemde inligting van waarde sal wees en wens u alle voorspoed toe met hierdie meesterstuk. Wees ook verseker van ons ondersteuning en diens ten alle tye.

Vriendelike groete

DAAN ELS  
HOOF BEMARKING